

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# S v van Wyk (A58/2013) [2013] ZAFSHC 68 (9 May 2013)

**[2013] ZAFSHC 68**

## COURT

Free State High Court, Bloemfontein

## BEFORE

Kruger, R

## CASE / FILE NUMBER

A58/2013

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Appel Nr: A58/2013

In die saak tussen:-

DIE STAAT .....Applikant

en

PIETER CHRISTIAAN VAN WYK .....Respondent

-----  
UITSPRAAK DEUR: KRUGER, R

GELEWER OP: 9 MEI 2013

[1] Hierdie is 'n aansoek deur die Staat ingevolge artikel 310A van die Strafproseswet om teen 'n vonnis van 'n

Streekhof te appelleer gerig aan 'n Regter in kamers. Die applikant is aan strafbare mansslag skuldig bevind en tot korrektiewe

toesig ingevolge artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet 51 van 1951 gevonniss.

[2] Die feite is nie in geskil: Die applikant is deur oorledene, 'n prostituut, genader en gevra vir besigheid. Hy het ingestem en hulle is na sy woonstel. Hulle het 'n drankie geniet en toe gemeenskap gehad. Toe vra sy dat hy 'n kunsmatige penis of dildo uit haar handsak haal en in haar kan druk, wat hy gedoen het. Dit blyk toe of oorledene dit baie geniet en sy byt vir applikant. Hy het haar weggedruk van hom af en het haar mond toegedruk. Sy is van versmoring dood. Volgens die getuienis van die

dokter, as hy sy hand 10 sekondes korter oor haar mond gehou het, sou sy moontlik nie gesterf het nie. Applikant was ten tye van die voorval op "Anti-Booze" medikasie en saam met die drank wat hy ingeneem het kon dit 'n invloed op sy gedrag gehad het.

[3] Die verhoofhof het by vonnis oplegging in ag geneem dat (i) geen wapen is gebruik nie; (ii) applikant het oorledene op geen ander wyse aangevra nie; (iii) oorledene het geen ander beserings opgedoen nie; (iv) drank het 'n rol gespeel. Die verhoorhof het die volgende beslissings in ag geneem.

[4] In *S v Noordien* 1990 (2) SASR 253 (K) het die beskuldigde sy vriendin verwurg. Hy is aan strafbare manslag skuldig bevind en tot 6 jaar gevangenisstraf gevonnis wat op uitgebreide voorwaardes opgeskort is. Die beskuldigde in daardie saak het vir 'n landdros vertel dat hy die oorledene gesê het dat sy die enigste vrou is wat hy ooit liefgehad het. Die afleiding uit die mediese getuienis was dat oorledene se hart gaan staan het as gevolg van die druk op haar nek.

[5] In *S v Potgieter* 1994 (1) SASV 61 (A) was die feite dat die beskuldigde oor 'n periode van ses jaar onderwerp is aan afbrekende optrede van die oorledene, haar man. Sy is op die dag van die moord deur oorledene aangerand. Sy is deur die verhoorhof aan moord skuldig bevind en tot sewe jaar gevangenisstraf gevonnis. Die Appèlhof vind dat haar omstandighede sodanig is dat dit nie nodig is dat sy uit die gemeenskap verwyder hoef te word nie, en verwys die saak na die verhoorhof terug vir oorweging van oplegging van korrektiewe toesig onder artikel 276(1)(h).

[6] In *S v Larsen* 1994 (2) SASV 149 (A) het die beskuldigde haar man doogeskiet na neerhalende optrede van sy kant af oor baie jare. Sy is op verhoor aan moord skuldig bevind en tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis waarvan helfte opgeskort is. Daar was 'n geskiedenis van aanrandings deur oorledene op die appellant oor die laaste drie jaar (157b-c). Die Appèlhof vind dat sy nie in die kategorie persone val wat uit die gemeenskap verwyder moet word nie (157e-f), en verwys die saak na die verhoorhof terug vir oorweging van oplegging van korrektiewe toesig.

[7] In *S v Ingram* 1995 (1) SASV 1 (A) het die beskuldigde sy vrou, wat 'n drankprobleem gehad het, doodgeskiet. Hy is aan moord skuldig bevind en tot agt jaar gevangenisstraf gevonnis. Die appèlhof verwys in sy bespreking van vonnis na korrektiewe toesig en toon aan dat die wetgewer onderskei tussen diegene wat, hoewel hulle gestraf moet word, nie uit die gemeenskap verwyder hoef te word nie (9d-e). Die Appèlhof vind dat die omstandighede in daardie saak nie verwydering van die beskuldigde uit die gemeenskap vereis nie, en verwys

die saak na die verhoorhof terug vir die oorweging van oplegging van korrektiewe toesig onder artikel 276(1)(h).

- [8] In *S v Naidoo and Others* 2003 (1) SASV 347 (HHA) wys die hof daarop dat daar 'n wye spektrum gevalle is wat onder strafbare manslag val. Een tipe is waar daar 'n momentêre verlies aan konsentrasie is, wat 'n lewensverlies tot gevolg het. Appèlregter Marais sê vonnisoplegging in sodanige geval is een van die moeilikste take in die regspleging (par [45]), en voeg by:

*“The outcome will often satisfy neither those close to the deceased nor those close to the accused, being too lenient in the eyes of the former and too severe in the eyes of the latter.”*

- [9] In *S v Marx* 2009 (2) SASV 562 (OKA) is die 41-jarige beskuldigde op verhoor skuldig bevind om die moord op sy vrou deur haar met 'n pistool te skiet. Hy het skuldig gepleit. Op die feite het die verhouding tussen appellant en sy vrou in die loop van hul 19-jaar lange troue agteruitgegaan het sy hom ook in die openbaar verneder. Die verhoorhof het hom tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis waarvan die helfte opgeskort is. Die volbank verwys die saak terug vir oorweging van korrektiewe toesig onder artikel 276(1)(h).

- [10] In *S v Shapiro* 1994 (1) SASV 112 (A) het Appèlregter Nicholas in sy bespreking van vonnis as relevante faktore beskou die feit dat die beskuldigde geen geskiedenis van geweld het nie en dat hy nie 'n gevaar vir die gemeenskap daarstel nie en hy voeg by:

*“The concatenation of circumstances was highly unusual and is unlikely to occur again.”*

Dieselfde kan in die onderhawige saak gesê word.

- [11] Artikel 310A (vir sake verhoor in laer howe) en artikel 316B (vir sake verhoor in Hooggeregshowe) is by Wet 107 van 1990 in die Strafproseswet ingevoeg. Die Staat het nog altyd slegs 'n beperkte reg gehad om sake in hoër beroep te neem. Artikels 317 en 318 handel met omstandighede wat tot hoër beroep kan lei. In *Attorney-General, Venda v Maraga* 1992 (2) SASV 594 (V) sê oorlede Waarnemende Regter Etienne du Toit (outeur van die bekende *Commentary on the Criminal Procedure Act*) dat dit duidelik is dat die wetgewer bedoel het dat die magtiging om verlot tot appèl teen vonnis aan die staat toe te staan, spaarsamig uitgeoefen moet word (609a-b). Die beskuldigde moet slegs aan 'n appèl teen vonnis onderwerp word wanneer daar duidelik redelike vooruitsigte van sukses op appèl is (609c-d). Die geleerde waarnemende regter wys daarop dat by 'n appèl teen vonnis oefen die hof van appèl beheer uit oor 'n diskresie wat reeds deur die verhoorhof uitgeoefen is, en slegs waar dit blyk dat daardie diskresie onredelik, onbehoorlik of on-regterlik (“unjudicial”) uitgeoefen is, sal die hof op appèl inmeng (606c-d). Die verhoorhof se diskresie moet so onbeperk moontlik bly (606f). 'n Hof van appèl sal slegs met 'n vonnis inmeng as die vonnis wat die hof van appèl meen die juiste vonnis is soveel van die opgelegde vonnis verskil dat van 'n gevoel van skok ontstaan (607g-h). As die verhoorhof sy diskresie op 'n onredelike ongebalanseerde wyse uitgeoefen het omdat die vonnis ooglopend onvoldoende, onredelik of ongebalanseerd is (607e-j). Die hof van appèl sal inmeng as die verhoorhof sy diskresie op

‘n willekeurige wyse (“capriciously”) uitgeoefen het (607e-f).

SLOT

[12] Die begin-punt is dat eerste oortreders uit die tronk gehou moet word indien moontlik. Die feite hier is baie ongewoon, en sal waarskynlik nie weer met applikant gebeur nie. Applikant is nie iemand wat uit die gemeenskap verwyder moet word nie.

[13] Daar is sekere vonnisse wat, as jy die vonnis hoor, en die feite oorweeg, duidelik verkeerd lyk. So ‘n vonnis is skokkend onvanpas. Daar is gevalle waar die voorsittende beampte wanvoorligtings begaan het deur belangrike oorwegings buite rekening te laat of om iets te oorbeklemtoon. Dit sien ‘n hof van appèl dadelik raak. Hierdie is nie ‘n geval waar daar enige

wanvoorligtings was nie. Die vonnis volg die riglyne neergelê deur die Hoogste Hof van Appèl en ander Hooggeregshowe. Die vonnis is deurdag en gebalanseerd. Daar is geen redelike vooruitsigte dat ‘n hof van appèl met die vonnis sal inmeng nie.

BEVEL

[14] Die staat se aansoek om verlof tot appèl word van die hand gewys.

-----

KRUGER, R

Uitspraak en Bevel van Regter in kamers: geen verskyning.

Applikant se prokureur: Honey Prokureurs

BLOEMFONTEIN

Respondent: Die Direkteur: Openbare Vervolgings

/EB

---

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE      <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2013/68.html>

CASE PAGE              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-van-unknown-topic-afshc-2013>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria